NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos

Jaargang 19 – Uitgawe 24 25 Junie 2026

# Aanhouer wen!

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting en voorwaardes.

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Daar is ’n bekende gesegde wat lui: *Aanhouer wen*. In hierdie eenvoudige woorde skuil 'n dieper waarheid. Ons weet dat vaardighede nie oornag aangeleer word nie, hetsy dit sport, musiek, handwerk of enige ander stokperdjie is. Dit verg deursettingsvermoë, oefening en die moed om aan te hou, selfs wanneer dit ’n groot uitdaging is. Die beloning lê dikwels nie net in die eindresultaat nie, maar in die groei en selfvertroue wat langs die pad ontwikkel.**

Met hierdie gedagte as vertrekpunt, het Lené Prinsloo, 'n arbeidsterapeut, op 9 Junie ’n sessie wat fokus op aandag en balans by Ons Tuis Machteld Postmus aangebied. Ongeveer 15 inwoners het in die sonkamer byeengekom, gereed om die paadjies in hul breine te stimuleer, hul koördinasie te oefen en hul vaardighede op ’n prettige manier skerp te hou.

Die atmosfeer was gevul met konsentrasie en baie gelag. Inwoners moes verskeie oefeninge aanpak wat balans, fokus en samewerking vereis het. Een van die uitdagings was om ’n bal op ’n skinkbord te balanseer, maar nie net terwyl hulle stil staan nie, ook wanneer hulle loop! Soms het die bal sy eie koers gekies wat tot groot vermaak van almal gelei het. Tog was die belangrikste nie óf die bal perfek gebalanseer is nie, maar dat elke deelnemer bereid was om weer te probeer.

Wat hierdie oggend besonders gemaak het, was die ondersteunende gees onder die inwoners. Daar was bemoedigende woorde en opregte vreugde wanneer iemand ’n uitdaging suksesvol voltooi het. Hierdie oomblikke herinner ons daaraan dat veroudering nie beteken dat groei en ontwikkeling ophou nie. Inteendeel, dit wys dat mense op enige ouderdom kan ontwikkel en nuwe uitdagings kan aanpak. Sulke aktiwiteite speel ook ’n belangrike rol in die bevordering van geestelike en fisiese welstand. Deur die brein aktief te hou, vaardighede te oefen en sosiale kontak te bevorder, word inwoners bemagtig om met selfvertroue en waardigheid hul latere lewensjare te geniet. Elke oefening, elke laggie en elke klein oorwinning dra by tot ’n gevoel van betekenis en selfwaarde.

Dié inisiatief, deur suster Sonja Stander, bestuurder van Ons Tuis Machteld Postmus, getuig van haar betrokkenheid en haar diepe verbintenis tot die welstand van die inwoners. Hierdie geleentheid het weereens beklemtoon dat Ons Tuis Machteld Postmus veel meer as net ’n woonplek is. Hierdie is ’n gemeenskap waar inwoners gekoester, ondersteun en bemagtig word om aktief aan die lewe deel te neem.

Ouderdom is nie ’n beperking nie, maar ’n nuwe fase waarin mense steeds kan groei, leer en floreer. Die glimlagte in die sonkamer tydens dié sessie was ’n kragtige voorbeeld hiervan. Wanneer mense aangemoedig word om aan te hou leer en aan te hou leef, weerklink die ou gesegde: *Aanhouer wen*.

**Ds Iwana Kruger**
**(Pretoria-Oos en NHKA-joernalis)**

## Lief en leed

- Ons wens graag vir **prof Wim en mev Gerda Dreyer** geluk met die geboorte van hul **11de kleinkind**. **Alexander Dreyer**, seun van David en Elanie, is op 7 Mei gebore. Mag Alexander vir julle groot vreugde bring. In die laaste jaar het prof Wim en Gerda drie kleinkinders ryker geword: Joseph (seun van Willem en Hananja, gebore 5 Junie 2025), Leah (dogter van Petrus en Willemien, gebore 9 Junie 2025) en Alexander.



Ds Stephan Botha en dr Christo Pretorius

- **Ds Stephan Botha** (Gemeente Rustenburg-Suid) is op 20 Junie 2026, tydens die afgelope Algemene Jaarvergadering van die **Voortrekkermonument en Erfenisstigting** vir 'n derde termyn as **direkteur** verkies. Ds Botha dien ook as **voorsitter van die Etiek- en Maatskaplike Komitee**. Die Kerk se argief word in die Erfenissentrum bewaar. Die SP Engelbrecht-museum benut die kundigheid van die bewaringsinstansies, en argivarisse dra by om bronne vir navorsing beskikbaar te stel. Drr Wouter van Wyk en Christo Pretorius is ook lede van dié instansies.

  **Die volgende predikante verjaar tot 3 Julie. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.**
  - Woensdag 24 Junie: Ds PJE (Piet) Botha (emeritus/Klerksdorp)
  - Vrydag 26 Junie: Ds Y (Yolande) Kruger (Pretoria-Oos)
  - Sondag 28 Junie: Ds ER (Elsie) Pretorius (emeritus)
  - Dinsdag 30 Junie: Ds JC (Koos) Jansen van Rensburg (emeritus)
  - Woensdag 1 Julie: Ds MM (Marlize) Gasson (Benoryn)
  - Donderdag 2 Julie: Dr MJ (Martin) Jansen van Rensburg (Delmas)
  - Vrydag 3 Julie: Ds PW (Waldo) Pretorius (Ventersdorp)

## Vergaderings

- Vrydag 26 Junie: Beleggingskomitee<br>NHSV-Kongres se openingsaand
- Naweek van 27-28 Junie: NHSV-Kongres

## Kerklike en ander publikasies







- In die **Junie 2026-uitgawe** van ***Die Christelike Vrou*** beskryf **ds Hannelie Botha** die skade van die onlangse vloede in die Wes-Kaap in *'n Brug tussen ons.* **Mev Mari-lizé Beukes**, voorsitter NHSV Hoofbestuur, skyn die kollig op die hoogtepunte waarna ons kan uitsien tydens die Nasionale NHSV-Kongres vanaf 26 tot 28 Junie 2026 in Pretoria. **Ds Hannelie Botha**, Gemeente Worcester, vertel ons meer van die pyporrel se geskiedenis in *Die Koningin van musiekinstrumente.* **Mev Marita Fourie**, Gemeente Krugersdorp-Noord, deel met ons die boekresensie van Annelie Botes se *Broodsonde*. **Mev Tessa Oppermann**, Gemeente Rooihuiskraal, bied taalwenke aan in deel 7 van haar reeks *Praktiese Afrikaans: Dubbele negatief.* Volg die skakel ***hier*** na ons NHSV-publikasies.










## Kom kyk saam

- Kom kyk saam na ons weeklikse Blitsflits. Hierdie episode is aangebied deur Anushke Muller. Klik ***hier*** vir verlede week se weergawe. Nuwe weergawes verskyn elke Vrydag en is op sosiale media en YouTube beskikbaar.

## 'n Gedig

**Lig(telik)**

Niks wat met jou gebeur
moet ligtelik opgeneem word nie.
Daar is 'n doel
met alles.
Party dinge is moeiliker
om te hanteer en te verteer
as ander.
Maar dit wat jou breek,
vernietig jou nie –
dit laat net die Lig in.

**Sêditnet**

https://web.facebook.com/CarmenYoung1974

## Fondsinsamelings en Kerksake

- **Vertel ons asseblief van geleenthede by jul gemeentes**. Stuur asseblief die besonderhede na: **taal@nhk.co.za**.

| | |
|---|---|
| 25 Julie<br>vanaf 12:00 | **Gemeentes Vanderbijlpark & Rietspruit se Hoenderkarnaval:** Kom geniet ’n hoenderspyskaart van formaat! Voorgereg: hoendersop, hoofgereg: ’n halwe hoender, twee groentes, rys en nagereg: gebakte poeding en vla. Kuier saam by die kerk of kom kry ’n wegneemete. Kostes: R150 vir volwassenes en R100 vir kinders onder 12. Ander aktiwiteite sluit in stalletjies, skyfskiet, veerpyltjies, springkasteel, tuisbedryftafel en vele meer. **Kontak** ds Errol by 083 455 6922 of Sampie by 082 634 5646. |
| 8 Augustus<br>om 07:00 | **Gemeente Hartebeestpoort** bied weer die jaar hulle 5de **Bosveld MTB** aan. Daar is ’n keuse van vyf afstande, naamlik: 4 km & 8 km *kiddies ride*, 36 km, 91 km en 156 km. Dit vind by Brits-vliegveld plaas. Aanlyn inskrywings kan gedoen word. Vir navrae **kontak**: Ds Corlien van der Merwe by 083 654 8154, Marcel by die kerkkantoor 012 252 4315, Mechiel Ras by 072 605 1393, Mias van der Merwe by 083 320 2466. Klik ***hier*** vir meer inligting en inskrywings en ***hier*** vir inskrywings via Entry Ninja. |
| 21 Augustus<br>vanaf 17:00 | **Gemeente Pretoria-Oos: Steve onder die sterre.** Kom ondersteun hierdie fondsinsamelingsprojek vir die **diens en herstel van die orrel**. Kostes: R200 per volwassene of R500 per gesin. Die aand gaan die vorm van ’n mini-basaar aanneem. **Kaartjies** is beskikbaar by die kerkkantoor by 012 460 8441. Bring asseblief jul eie **kampstoele**. |
| 22 Augustus<br>vanaf 14:00 | **Gemeente Outjo en Otjiwarongo: Kom speel saam met ons nagholf en geniet ons basaar.** Die nagholf begin 14:00 met nege putjies, gevolg deur aandete en ’n verdere nege putjies. By die basaar is daar onder andere heerlike pannekoek, biltong en stalletjies. Vir **meer inligting, kontak**: Sunet Hayward by 081 224 1717, Tony by 081 213 3720 of Elsebie by 081 229 6490. |
| 28 Augustus<br>19:00 | **Gemeente Schoemansdal: Magda Louw en haar Erhard** kom kuier met hul vertoning ***How Louw can you go?*** Kaartjies kos R220 per persoon en is beskikbaar by **Lezl by die kantoor** by 012 253 0146. Dit is ’n fondsinsamelingsprojek vir die NHSV. |
| Sluitingsdatum:<br>30 September | **Gemeente Dullstroom:** Koop ’n **lootjie** teen R100 en staan ’n kans om **een van drie vakansies** te wen. Kaartjies kan by die gemeente gekoop word deur ’n **inbetaling** in die gemeente se bankrekening te doen. Bankbesonderhede: FNB, rekeningnommer: 62049581516. Gebruik asseblief u naam as verwysing. **Bewys van betaling** moet aan Hannetjie by 082 839 5669 gestuur word om u kaartjienommer te ontvang. |



## SP Engelbrecht-museum




## Barmhartigheid

- **Klik asseblief *hier* vir meer inligting oor seniorbehuising en -versorging.**



## Gebed vir die week

Fluister in my oor, Heilige Gees:
ek sal dan net die goeie dink.

Spoor my aan Heilige Gees:
ek sal dan die goeie doen.

Daag my uit, Heilige Gees:
ek sal dan net die goeie soek.

Gee my krag, Heilige Gees:
ek sal dan die goeie kan vashou.

Beskermheer, o Heilige Gees:
ek sal die goeie nooit vergeet.

**(Vrye vertaling van Gebed van Augustinus,
13 November 354 - 28 Augustus 430)**
https://oesterbaai.info/gebede.html

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Mariët Robbertze
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Kruger